

Die Dag van God (8ste dag) Na die Duisendjarige Vrederyk.



Open 20:11 **En ek het 'n** groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God **sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen.** En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

DIE DAG VAN GOD.

Die duisendjarige Vrederyk is 'n verbygaande tydperk. Dit is die inleiding tot die ewigheid. [Die agste dag of die dag van God.]

Open 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;

Open 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. (Tweede Magog oorlog.)

Waar die binding van Satan die duisendjarige of Vrederyk tot gevolg sal hê, sal die loslating van die "rusverstoorder" die Vrederyk tot 'n einde bring. Hierdie losgelate Satan gaan dan doen, net wat hy nou doen, en altyd sal doen, solank hy vryheid van beweging het.

Open 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.

Hy sal skaars losgelaat wees, of hy gaan na die vier hoeke van die aarde om die oorblywende volke te verlei. Hy sal hom toespits op die nasies wat ver van Jerusalem is, om hulle op te hits tot sonde en oorlog teen God. Hierdie verafgeleë nasies sal hy makliker kan verlei as die nasies naby aan Jerusalem. Die Woord van die Here leer ons dat 'n groot godsdienstige krag uit Jerusalem as middelpunt sal gaan ná die bekering van die Joodse nasie.

Jes 2:3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion (Jerusalem) sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Die geestelike krag wat in en om Jerusalem uitgeoefen sal word, sal die Satan stuit, daarom sal hy hom tot die verafgeleë nasies wend. Gedurende die duisendjarige ryk sal Jerusalem in besonder die nabyheid van die Here Jesus geniet.

Sag 14:4 En in dié dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê,

Ongelukkig sal Satan weer slaag in hierdie misie van hom, om 'n deel van die mensdom te kry om te luister na sy verleidende stem. Daar sal onder hulle ook mense wees wat net so dwaas is as wat baie mense nou is. Hy sal mense soek om 'n leër op die been te bring om oorlog te maak teen "die laer van die heiliges en die geliefde stad (Jerusalem)" Open 20:9.

Hierdie stryd ná die duisendjarige ryk word die stryd van Gog en Magog genoem (Openb 20:8), dis egter NIE die Gog en Magog van Eseg 38 nie. (Eerste Magog oorlog)

Die skare wat Satan bymekaar sal maak vir die oorlog, sal 'n geweldige groot leër wees. Die Woord vergelyk dit met die ontelbare sand wat aan die oewers van die see lê. Hou in gedagte, al die mense wat gedurende die Vrederyk gebore is.

Die sukses wat Satan hiermee sal hê, laat twee dinge baie duidelik uitkom:

- (1) Die verleidende mag waaroor Satan beskik.
- (2) Die kortsigtigheid en dwaasheid van die mens.

Gedurende die duisendjarige ryk sal sonde nie heeltemal verdwyn nie, maar wel grootliks gestrem wees, omdat Satan dan gebind sal wees. Maar ná die Vrederyk, sodra hy losgelaat word, begin hy dadelik weer met sy ou werk van verleiding en ophitsing. Hy sal die menslike hart net so geneig tot sonde vind, as duisend jaar tevore. Soos die digter van die menslike hart sê: "Wie kan sy eie hart vertrou, sy hart is so vol arglistigheid."

Dit sal blyk dat die onderworpenheid van vele nasies aan Christus, 'n skyn-onderworpenheid sou wees. Die mense sal nog steeds

gehoor gee aan die Satan, omdat hy 'n magitge verleier is. In eie krag is die menslike natuur nie bestand teen Satan nie. Hy het daarin geslaag om die sondelose Adam en Eva, in die tuin van Eden, te midde van die heerlikste seëninge, te verlei. Dit is dus nie vreemd dat hy dit sal doen met die mensdom uit wie se harte die "neiging tot sonde" nog nie heeltemal verdwyn het nie. Net soos daar nou onopregte, geveinsde belyers van die Here is, so sal dit ook in die duisendjarige ryk wees. En dit is hierdie mense wat Satan sal vergader tot die stryd teen die heilige stad en teen Christus.

Hierdie opstand van Gog en Magog (na die duisendjarige ryk— ook bekend as die tweede Magog oorlog,) sal die laaste stryd wees wat daar ooit op die aarde sal plaasvind. Dit sal Satan se laaste kans wees om teen God en Sy kinders uit te trek. Die geleentheid wat hy sal hê om die nasies te verlei, sal van korte duur wees.

Open 20:1 **En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.**

Open 20:2 En hy het die draak (Satan) gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,

Open 20:3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy (die Satan) dan **'n kort tydjie ontbind word**.

Omdat sy tyd so kort is, sal hy sy beste doen om soveel moontlik kwaad te stig. Hy sal weet dat sy tyd van ontbinding baie kort sal wees, net soos wat hy weet dat sy tyd van vrye beweging, na die wegvoering van die bruid, baie beperk sal wees.

Open 12:12; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.

Met die leer van Gog en Magog sal Satan optrek teen die geliefde stad Jerusalem. Net soos Satan in die verlede teen God verloor het, so sal hy ook in daardie dag en in die toekoms teen

God verloor.

In Psalm 2 lees ons van hierdie stryd: Psa 2:1 Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?

Psa 2:2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê:

Psa 2:3 Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!

Psa 2:4 Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle.

Psa 2:5 Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimigheid sal Hy hulle verskrik:

Net soos God die leërs by Armageddon verpletter het, sal Hy ook hier doen.

Open 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad (Jerusalem) omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.

GOD KRY OOK SY DAG.

Die leërs sal gedood word, en Satan, die aanvoerder, sal in die poel van vuur en swawel gewerp word.

Open 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier (Antichris) en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Dis dieselfde plek waarin die Antichris en die Valse Profeet alreeds 'n duisend jaar lank sal wees. (Van ná die slag van Armageddon aan die einde van die Groot Verdrukking.)

Rev 19:20 En die dier (Antichris) is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.

Na die duisendjarige ryk, sal Satan dus die derde persoon wees wat in die hel (finale strafplek) gewerp word. **Sonder 'n** verhoor, net soos die Anti Chris en die Valse Profeet.

DIE HEL IS 'N WERKLIKHEID, NET SOOS DIE HEMEL 'N WERKLIKHEID IS. DIE STRAF VAN DIE VERDERF SAL NET SO EWIG WEES AS DIE HEERLIKHEID VAN DIE HEMEL.

DIE GROOT WIT TROON OORDEEL

Open 20:11 En ek het **'n groot wit troon** gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; **en 'n** ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

In die finale verderf sal daar tot dusver nog net drie persone wees, nl. die Anti-chris, die Valse Profeet en Satan. (Open 19:20 en 20:10) Met die Wit troon oordeel, kom die ander goddeloses aan die beurt en vind hul onsalige opstanding plaas.

Open 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. (Tweede opstanding.) (Die opstanding van God se kinders word genoem die eerste - of salige opstanding.)



Open 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

Wie sal hier verskyn?

Al die goddeloses van alle eeue. Nie een sal daar afwesig wees nie. Al die goddelose mense vanaf die vroegste eeu tot die jongste dag sal daar vergader word. Van die goddelose bedelaar tot die goddelose koning staan almal daar sonder onderskeid voor die Een wat nooit 'n aansienner van die persoon was nie. Daarom lees ons: Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien **staan**,

Hierdie goddelose mense staan op om: Geoordeel te word; Voor die groot wit troon; Deur Christus; Volgens hulle werke; TOT STRAF.

Daar kom definitief 'n oordeelsdag! Niks in die Heilige Skrif is duideliker as hierdie ontsettende waarheid nie! Net so seker as wat daar eenmaal loon sal wees vir God's kinders wat Hom in die genadetyd aangeneem en gedien het, sal daar 'n dag kom waarop die goddelose geoordeel sal word TOT STRAF.

Pred 12:13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooe; want dit geld vir alle mense.

Pred 12:14 Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.

Ook die Nuwe Testament bevestig dit in:

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Die PLEK waar die goddelose sal verskyn, sal wees die GROOT WIT TROON. Ons moet onderskei tussen die REGTER-STOEL VAN CHRISTUS en DIE GROOT WIT TROON.

Die Regterstoel van Christus is die plek waar God se

kinders sal verskyn na die salige opstanding, NIE TOT STRAF NIE, maar waar Christus hul werke sal toets en die genadelone, oorwinningslone [Open 2&3] en krone, sal uitdeel volgens hul werke vir Hom op aarde.

Rom 14:10? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word.

1Kor 3:8, maar elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang.

1Kor 3:9 Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.

1Kor 3:10 Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek **soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou** daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou.

1Kor 3:11 **Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat** daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

1Kor 3:12 En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels—

1Kor 3:13 elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.

1Kor 3:14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;

1Kor 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

DUS: VOOR DIE REGTERSTOEL [Bema-oordeel] VER-SKYN SLEGS GOD SE GEREDDE KINDERS WAAR HUL GENADELOON VASGESTEL SAL WORD, MAAR VOOR DIE **GROOT WIT TROON** SLEGS DIE GODDELOSE - TOT OORDEEL.

CHRISTUS SAL DIE REGTER WEES!!

Die skrif leer dat Christus self die Regter sal wees. Die Een wat nou Middelaar wil wees, word dan self die Regter. Die Een

wat nou pleit by die siel om hom te bekeer, sal in daardie dag die oordeel uitspreek. Hierdie feit neem alle hoop op verskoning weg, want dan is Hy nie meer die middelaar nie, maar die REGTER wat die oordeel uitspreek. Sy toorn sal so vreeslik wees dat die natuur voorgestel word as vlug-tende voor Sy aangesig. [Geen amnestie word hier toegestaan.]

Open 20:11 **En ek het** 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

So vreeslik sal die Regter wees dat die veroordeeldes sal uitroep-soos in Luk 23:30 “Dan sal hulle vir die berge begin sê: Val op **ons! en vir die heuwels: Bedek ons!**” maar die hemel en die aarde sal wegvlug voor die aangesig van die Regter, en voor Hom sal die goddelose in hul naaktheid staan. In die genade tyd-perk wou hulle nie met Hom rekening hou nie, maar dán sal hulle gedwing word om voor Hom te verskyn sodat Hy van hulle kan rekenskap eis.

Wat is die MAATSTAF van die OORDEEL?

Open 20:12, en die boeke is geopen; **en** 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

Mal 3:16 Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, **en daar is 'n gedenkboek** voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer.

Net soos wat God 'n gedenkboek het vir sy kinders, so het Hy ook 'n gedenkboek waarin die dade van die goddelose aangeteken word. (Soos Openb 20:12 duidelik bewys.) Daar sal niks vergete bly nie, daarvoor sal die gedenkboek sorg. Die goddelose mag sy sonde nou vergeet, maar die gedenkboek sal hom in die oordeelsdag daaraan herinner. Sonde wat die

mens nou probeer geheim hou, sal in daardie dag openbaar gemaak word, tot sy skande, as dit nie nou deur die bloed van Jesus uitgewis word nie. Jesus self het gesê: ".....; want daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie." (Mat 10:26)

Eindelik volg die STRAF en die OORDEEL, DIE EWIGE HEL!!

Open 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

Die dood is die laaste vyand wat oorwin sal word, en hier by die oordeel van die goddelose mense word dié vyand oorwin, en tesame met die goddelose mense word die Dood in die hel gewerp.

Open 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp.

Dan sal die juigkreet van die apostel Paulus gehoor word: ".....: Die dood is verslind in die oorwinning." (1Kor 15:54)

Die STRAF van die GODDELOSE en die PLEK van die EWIGE STRAF!!!

Nou vra u miskien: "As 'n goddelose nou sterf, is sy siel dan nie dadelik in 'n plek van pyniging nie?" Inderdaad, die geskiedenis (nie gelykenis nie) van die ryk man en Lasarus leer uitdruklik dat dit die geval is. Net so seker as die kind van die Here dadelik na die dood in 'n toestand van heerlike geluksaligheid is "met Christus" soos Paulus gesê het (Fil 1:23: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;), net so seker is dit dat

die goddelose siel (volgens duidelike leer van die Skrif) ook dadelik na 'n plek van ontsettende ongeluk en pyniging gaan. Maar net soos die heerlikheid van dié tussenstaat (so-lank die siel nog sonder die liggaam is,) nog nie die finale en volle heerlikheid is nie (2 Kor 5;2-4), net so is die straf van die goddelose siel in dié tussenstaat nog nie die ergste straf nie. Die volle heerlikheid ondervind God se kinders nie voor die opstanding nie, en die volle straf ondervind die goddelose nie voor sy onsalige opstanding wanneer hy voor die Groot Wit Troon die oordeel tot die verdoemenis in al sy aakligheid moet aanhoor nie.

NET SO ONBESKRYFLIK AS DIE HEMELSE HEERLIKHEID SAL WEES, NET SO ONBESKRYFLIK SAL DIE SMARTE VAN DIE EWIGE HEL WEES.

NET SO EWIG AS DIE HEERLIKHEID VAN DIE HEMEL SAL WEES, NET SO EWIG SAL DIE STRAF IN DIE VERDERF WEES.

Die laaste oordeel!

Na die wittroon oordeel sal God die hemele en die aarde met vuur vernuwe. As ons net bolangs lees, klink dit of die aarde en atmosferiese hemel heeltemal verbrand, maar eintlik beteken dit dat God die aarde en atmosferiese hemel met vuur gaan vernuwe. Die aarde se uitwendige oppervlak gaan geheel en al verander. Alles wat deur die sondeval ontstaan het, gaan deur die vuur vernietig word. Dinge soos: dorings, siekte, kieme, insekte, peste en plaë, ens, en die atmosfeer gaan gereinig en gesuiwer word van alle bose geeste en destruktiewe werksaamhede.

2Pet 3:5 Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af **hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan** het deur die woord van God,

Petrus verdeel die geskiedenis van die aarde in drie dele. In vers 5

praat hy van die aarde wat “woes en leeg” voor die skepping.

2Pet 3:6 waardeur die toenmalige wêreld met water oorstrom is en vergaan het. [Die sondvloed in die tydperk van Noag.]

2Pet 3:7 Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur **dieselfde woord as ‘n skat weggelê en** word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.

In vers ses praat Petrus van die watervloed in Noag se tyd. Vir die **woord ‘wêreld’ (toenmalige) gebruik hy die Griekse woord “Cosmos” wat beteken die “oppervlak/versiering” van die aarde. Soos die ‘toenmalige wêreld’ se ‘waterbad’ nie die raamwerk van die aarde vernietig het nie, so sal ook die ‘vuurdoop’ nie die raamwerk van die aarde vernietig nie, slegs die oppervlak.**

2Pet 3:10 **Maar die dag van die Here sal kom soos ‘n dief in die nag,** waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.

Die drie hemele!

Die Bybel praat van drie hemele.

2Kor 12:2 **Ek weet van ‘n man in Christus, veertien jaar gelede—**of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.

1. Die eerste hemel is die atmosferiese [wolke] hemel:

Mat 8:20 En Jesus sê vir hom: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.

2. Die tweede hemel is die sterrehemel:

Psa 8:4 As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het—

3. Die derde hemel is die plek waar God woon:

2Kor 12:2 **Ek weet van ‘n man in Christus, veertien jaar gelede**—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.

2Kor 12:3 **En ek weet van so ‘n man**—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit—

2Kor 12:4 dat hy weggeruk is in die **Paradys** en **onuitspreeklike woorde gehoor het wat ‘n mens nie mag uitspreek nie.**

Die Bybel sê ook vir ons waar hierdie derde hemel is: in die NOORDE!!!

Jes 14:13 En jy [Lucifer] het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.

Psa 48:3 Skoon deur sy verheuenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion [[verwys na die hemel](#)], aan die noordekant, die stad van die groot Koning!

Job 26:7 voor Hom wat die noorde [[hemel](#)] uitspan oor die chaos, **wat die aarde ophang oor ‘n niks;**

Job 37:22 Uit die Noorde kom goud te voorskyn [[Goudstad](#)], maar oor God is daar ontsagwekkende majesteit.

Pred 11:3 As die wolke vol reën is, giet hulle dit uit op die aarde; en **as ‘n boom [[die afsterwe van ‘n mens](#)]** na die suide of na die noorde [[hemel](#)] val, op die plek waar die boom val,

daar bly hy lê.

‘n Nuwe Hemel en ‘n Nuwe Aarde!

In die Bybel beteken die woord **‘nuwe’** dikwels **‘vernuwe’** of **‘nuut maak’**.

2Kor 5:17 **Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skep-**sel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut ge-word.

Die ou dinge het verbygegaan, Christus het die persoon vernuwe/nuut gemaak. Hy het nie die ou mens fisies doodgemaak en **van vooraf ‘n nuwe mens gemaak nie.**

Jes 65:17 Want kyk, Ek skep nuwe hemele **en ‘n nuwe aarde**, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.

Jes 66:22 Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees.

Open 21:1 **En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien**, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. [Onstuimige volkeresee. Jes 17:12 & Open 17:15]

Open 21:5 En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

Die aarde gaan met vuur gereinig en vernuwe word, sodat dit ‘n geskikte woonplek kan wees vir God en sy verlostes.

Die aarde Vervloek

Weens die sondeval het God die aarde vervloek.

Gen 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.

Gen 3:18 Ook sal dit vir jou doringe en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.

In Jesaja lees ons dat God hierdie vloek van die aarde gaan lig.

Jes 55:13 **Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan; vir 'n distel sal 'n mirteboom opgaan; en dit sal vir die HERE wees tot 'n naam, tot 'n ewige teken wat nie uitgeroei sal word nie.**

SELS DIE SKEPPING SIEN UIT NA DAARDIE DAG !!!!!

Rom 8:19 Want die skepping wag met reikhalssende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.

Rom 8:20 Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het

Rom 8:21 in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God.

Rom 8:22 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in brensnoed is tot nou toe.

Die ootmoediges/sagmoediges sal die aarde beërwe.

Psa 37:9 Want die kwaaddoeners sal uitgeroei word; maar die wat die HERE verwag, hulle sal die aarde besit.

Psa 37:10 **Wau. En nog 'n klein rukkie en die goddelose sal daar**

nie wees nie; ja, jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie.

Psa 37:11 Die ootmoediges daarenteen sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede.

Jesus bevestig hierdie woorde:

Mat 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.

Die Nuwe Jerusalem !!!



Heb 11:10 herinner ons daaraan dat die Here, die Nuwe Jerusalem reeds aan Abraham openbaar het. **“Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.”**

Hierdie stad sal eenmaal uit die hemel neerdaal oor die vernude en gereinigde aarde.

Open 21:10 **En hy het my in die gees weggevoer op ‘n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal;**

Open 21:11 **en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos ‘n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspis-**

steen.

Open 21:12 En dit het **‘n groot en hoë muur** met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.

Open 21:13 Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte.

Open 21:14 En die muur van die stad het twaalf fundamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam. (12 fundamente wat strek van POORT TOT POORT)

Open 21:15 **En hy wat met my gespreek het, het ‘n goue meetroede** gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet.

Open 21:16 En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.

Open 21:17 En hy het sy muur gemeet op honderd vier en veertig el, **volgens ‘n mens se maat, wat die maat van ‘n engel is.**

Open 21:18 En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas.

Open 21:19 En die fundamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was **jaspis**, die tweede **saffier**, die derde **chalcidoon**, die vierde **smarag**;

Open 21:20 die vyfde **sardóniks**, die sesde **sardius**, die sewende **chrisoliet**, die agtste **beril**, die negende **topaas**, die tiende **chrisopraas**, die elfde **hiasint**, die twaalfde **ametis**.

Open 21:21 En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas.

Open 21:22 **En ‘n tempel het ek nie daarin gesien nie, want** die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam.

Open 21:23 En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.

1. Jaspis:

Jaspis is 'n vorm van chalcedoon en is 'n opaak, onsuiver variëteit van Silika. Gewoonlik rooi, geel, bruin of groen. Blou is baie skaars.



2. Saffier:

Die Saffier is 'n kosbare edelsteen en is 'n deurskynende blou kleur. Dit word oor die algemeen beskou as een van die waardevolste edelgesteentes.



3. Chalcedoon:

Chalcedoon is 'n half edelsteen en 'n variëteit van die mineraal kwarts. Die kleur is byna wit tot ligblou of duifblou - ook met strepe. Die steen word ook gevind in meer kleure—soos appelgroen, rooskleur en koperkleur.



4. Smarag:

'n Smarag is 'n sterk groen mineraal, wat ook gebruik word as 'n edelsteen. Smarag is 'n variant van Beril. Die groen kleur word veroorsaak deur chromium en ook soms yster.



5. Sardóniks:

Sardóniks is 'n variëteit van Oniks waarin daar gekleurde strepe in skakerings van rooi is, eerder as swart. Suiwer swart Oniks is baie algemeen, en seker ook die gewildste variant, maar nie so algemeen soos Sardóniks nie.



6. Sardius:

Sardius is 'n rooibruin mineraal en word algemeen gebruik as 'n half-edelsteen. Die



kleur kan varieer van lig oranje tot ‘n intense, amper swart kleur.

7. Chrisoliet:

Chrisoliet beteken “goue steen.” Dit word gevind in meteoriete wat op die aarde geval het. Hierin word dikwels kristalle gevind wat groot genoeg is om waardevolle stene uit te maak.



8. Beril:

Beril is ‘n mineraal. Die agtkantige kristalle wissel van baie klein tot baie groot [meters in grootte.] Suiwer Beril is kleurloos, maar dit kom ook voor in groen, blou, geel, rooi en wit.



9. Topaas:

Suiwer Topaas is kleurloos en deurskynend, maar word gewoonlik getint deur onsuiverhede. Tipiese **Topaas is wynkleur, geel, dowwe grys of ‘n rooierige oranje, blou en bruin.** Dit kom ook voor in wit, liggroen, blou, goud en pienk [skaars].



10. Chrísopraas:

Chrísopraas is ‘n edelsteen variëteit van Chalcedoon. Die kleur is gewoonlik ‘n appel-groen, maar variëer tot ‘n dieper groen.



11. Hiasínt:

Hiasínt is ‘n half-edelsteen. Dit is ‘n ryk ornaje-geel, oranje-rooi of geel-bruin kleur.



12. Ametís:

Ametís is die violet/pers variëteit van kwarts wat gebruik word in juwele



Die Grootte van die Nuwe Jerusalem!

Kom ons kyk na die mate van die Nuwe Jerusalem volgens Open 21:16 “En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meet-roede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte **en hoogte was gelyk.** “

Wetenskaplike Berekening !

Die nuwe Jerusalem sal in sy geheel 3,000 miljoen kubieke myl beslaan. Dit word bereken dat al die geboue van die wêreld met sy meer as 7 miljard inwoners maar ongeveer 350 kubieke myl beslaan.

In die hemel sal daar genoeg plek wees vir eenhonderdduisend geslagte. Volgens Bybelse chronologie was daar egter sedert Adam tot vandag maar slegs 200 geslagte. God het ruim voorsiening gemaak vir almal wat wil hemel toe gaan. Niemand sal kan sê: **“Ek wou so graag gaan, maar daar was nie vir my plek nie.”** In die nuwe Jerusalem sal ons nie huise vind met **“Te Koop”** of **“Te Huur”** kennisgewings nie.

Jesus het vir sy dissipels in Joh 14:2 gesê: “In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. **Ek gaan om vir julle plek te berei.** “

NOG N INTERESSANTE WETENSKAPLIKE BEREKENING !!!

Open 5:11 **Toe sien ek, en ek hoor ‘n stem van baie engele rondom** die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende;

Die wetenskaplike syfer is hier 100 triljoen. Die sekondes van 30 duisend jaar is slegs een triljoen. Ons blydschap en Kroon in die HERE, MOET NOOIT VAL.

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Amos 4:12—maak jou klaar om jou God te ontmoet,

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die **hemel en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

Tel/Fax (o44) 696-5891

E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

